Familiebediening – die sleutel tot effektiewe jeugbediening

Christo Thesnaar, *programhoof van Jeugwerk by die Hugenote Kollege in Wellington probeer bepaal hoe jeugbediening suksesvol benader behoort te word.*

Die Jeug-tot-Jeug beweging wat in die sewentiger jare plaasgevind het, het 'n hernude fokus op jeugwerk in die NG kerk geplaas. Na dekades se verwaarlosing van die jeug het die Jeug-tot-Jeug beweging daarin geslaag om die kerk, deur middel van gemeentes te dwing om te fokus op die kinders en jongmense in die kerk. Hierdie hernude fokus het meegebring dat alles moontlik gedoen is om programme, aksies, kampe, feeste, materiaal en struktuure te skep om die kinders en jongmense binne die kerk te bedien.

Terugskouend is dit duidelik dat hierdie hernude fokus op die kinders en jongmense daartoe aanleiding gegee het dat jeugbediening in 'n groot mate los van die hoofstroom gemeentelike bediening, wat op volwassenes gefokus het, plaasgevind het. Hoewel dit duidelik gestel was dat die kinders en jongmense deel van die gemeente van vandag is, en nie die gemeentelede van môre nie, kon gemeentes nie daarin slaag om die jeugbediening te integreer met hulle hoofstroom bediening nie.

Dit was dus onvermydelik dat die jeugbediening ontwikkel het as 'n teenoor-die-res-van-die-bedieninge beweging binne die gemeente. Dit het aanleiding gegee tot 'n tipe stryd wat gevoer moes word, naamlik die jeug versus die res in die gemeente; die jeug versus die volwassenes. Die taal van hierdie stryd was tot 'n groot mate negatiewe retoriek. Die jeug se betoog was byvoorbeeld: die gemeente doen nie genoeg vir die jeug nie; die gemeente wil nie verander nie; kerkmusiek is net vir ou mense; die eredienste is te formeel en net op die volwassenes gerig en dies meer. In reaksie hierop was die gemeente maar altyd geneë om te luister, maar tog nie bereid om werklik die jeug te akkommodeer nie. Hier en daar het 'n individu of gemeente hulle nek uitgesteek om 'n revolusionêre jeugbediening aan die gang te kry, maar dit het nie altyd lank gehou voor dit weer gesmoor is nie. Hoe dit ook al sy, daar het 'n wig ontstaan tussen die kinders en jongmense en die breër kerklike bediening wat op die volwassenes gefokus het.

die tydsgees waarin die kinders en jongmense grootword teen 'n ongekende vinnige tempo ontwikkel en konstant verander

Hiermee saam het die tydsgees waarin die kinders en jongmense grootword teen 'n ongekende vinnige tempo ontwikkel en konstant verander. Sekuralisme en tegnologiese vooruitgang soos die televisie, rekenaars, sms'e en die internet het daartoe gelei dat die afstand tussen die jeugkultuur en die kerkkultuur al groter geword het.

Die realiteit van die samelewing waarin ons lewe, het ook sy impak op die kerk gelaat in terme van die aantal egskeidings, gebroke gesinne, kindermolesterings, vooruitgang ten koste van ander en dies meer. Hiermee saam het die morele verval wat in

die samelewing tot stand gekom het, veroorsaak dat die jeug net meer en meer verward geraak het oor wat reg en verkeerd was en hoe om dit te hanteer.

Tans is die realiteit dat die kinders en jongmense nie betrokke is by die jeugaktiwiteite van die kerk nie. Daar bly groot diskrepansies tussen die hoeveelheid kinders in die gemeente en die wat die kategese bywoon en 'n nog groter diskrepansie tussen die hoeveelheid wat die kategese bywoon en die wat die jeugaksies bywoon. Verder verlaat die jeug die kerklike bedienings na hulle belydenis van geloof afgelê het. Die generasie tussen 18-35 is tans "verlore" vir die kerk want hulle ervaar dat hulle nêrens binne die kerklike strukture kan inpas nie.

'n Familie is 'n veilige plek waar die lede van die familie die ervaring van "behoort" het.

Die vraag ontstaan dus: Wat het daartoe gelei dat die jeugbediening van die afgelope 30 jaar in 'n groot mate nie kon slaag om die kinders en jongmense as deel van die gemeente te sien nie; nie daarin kon slaag om die kinders en jongmense te laat besef dat hulle lidmate in eie reg is nie; nie daarin kon slaag om die kinders en jongmense te begelei in hulle soeke na identiteit en veral geestelike identiteit nie; nie daarin kon slaag om die kinders en jongmense, sowel as die ouers en volwassenes te begelei om geestelik met die kinders en jongmense te kan kommunikeer nie?

Die kritiese haglike is dat die bedieninge vir aan die kinders en jongmense lángs die ander hoofstroom bedienings binne die gemeente ontwikkel het, en dat die jeugbediening-strukture generasiegapings aangehelp het. Daarom is dit noodsaaklik dat jeugbediening deel sal word van die sentrale holistiese bediening van die gemeente, wat **familiebediening** as basis het.

Daarom is dit noodsaaklik dat jeugbediening deel sal word van die sentrale holistiese bediening van die gemeente, wat familiebediening as basis het.

Onmiddellik aktiveer dit die volgende vrae: "Wat is 'n familie?" of "Bedoel ons nie eintlik gesin nie?". Die woord "gesin" is beperkend en dit skep 'n persepsie dat 'n gesin net 'n gesin kan wees as dit bestaan uit 'n ma, 'n pa, die kinders en 'n hond.

Weens hierdie beperkende persepsie word die woord "familie" gebruik omdat dit meer beskrywend is van die verskillende vorme van huishoudings wat ons in die Bybel sowel as vandag om ons aantref. Die term familie verseker ook weerhelp ons weer om te besef dat ons almal gekoppel is aan die breër gemeentelike en kerklike familie. Ons is dus almal op die een of ander manier wat net weer illustreer dat almal in een of ander vorm deel is van 'n familie. Miskien kan ons praat van 'n mikro-familie ('n huishouding) en 'n makro-familie (die gelowiges).

Richard Olson en Joe Leonard het onlangs 'n aangrypende boek geskryf oor die belang van familiebediening vir die kerk, naamlik: "A new day for family Ministry". In hierdie boek maak hulle die stelling dat 'n familie 'n netwerk is waar twee of meer familielede op 'n emosionele, biologiese en wetlike vlak 'n huis, geestelike en materiële bronne, interpersoonlike sorg, stories en 'n gesamentlike agenda en aspirasies met mekaar deel. Vertaal in ons konteks sou ons kon sê: *'n Familie is 'n veilige plek waar die lede van die familie die ervaring van "behoort" het,; sorg dra vir mekaar;, saamgebind is deur hulle storie;, bewus van en ingestel is op mekaar se agendas en aspirasies vir die toekoms; en wat leef en wandel in die teenwoordigheid van die Here en dit na buite toe uitleef.* Dít is die kern van familiewees en geld vir die mikro- sowel as die makro-famlie.

Die vraag is egter: Beleef **ons** (kinders en grootmense) dat **ons** deel is van 'n familie wat aan **ons** ïidentiteit, betekenis en sin gee? 'n Familie waaraan **ons** behoort, waar **ons** met mekaar kommunikeer, waar **ons** herhrinnerherinner word aan wie **ons** is, waarvandaan **ons** kom en waar **ons** op mekaar en mekaar se behoeftes ingestel is, sodat **ons** vir mekaar kan sorg? As ons eerlik is oor dit wat tans met families besig

is om te gebeur, dan het ons die kern van familie wees verwaarloos en verloor.

Dit is van kardinale belang dat **ons** verantwoordelikheid neem om weer die kern van familiewees te herstel en daarop te bou. U sal agterkom dat die "**ons"** beklemtoon word. Dit is nie net die ouers of grootouers se verantwoordelikheid om famliliefamilie te wees nie maar ook die kinders sin. Dis nie een familie s'n nie, dis al die families in die gemeente se verantwoordelikheid. Wanneer **ons** verantwoordelikheid neem vir **ons** familie en **ons** leef die verantwoordelikheid teenoor mekaar uit, sal dit 'n rimpel effek tot gevolg hê binne die samelewingsisteem waarbinne **ons** leef.

Tans is die **ons-as-familie fokus** binne die jeugbediening verlore. Die jeugbediening is so gedifferensieërdgedifferensieerd dat dit los van die familie ontwikkel. Die feit dat 'n familie nie eers saam kan kerk toe gaan nie, want elke kind is in 'n aparte tipe erediens volgens hulle ontwikkelingfase is kenmerkend hiervan. Die betekenis van die ritueel om as familie saam te aanbid en sodoende 'n geestelike identiteit te ontwikkel gaan verlore. Daar is beslis ruimte vir 'n gedifferensieerde jeugbediening, maar nie ten koste van die geloofsontwikkeling van die familie nie.

Dit is wesenlik dat die kerk die kinders en jongmense en die familie begelei om hulle geloofslewe en daaglikse lewe te kan integreer en sodoende te lewe as kinders van God wat op pad is om te groei tot geloofsvolwassenheid. Dit voed die **ons-as-familie fokus**.

Hoe kan die gemeente die ons-as-familie fokus bou?

- Deur ruimte te maak vir families waarin die waarde en betekenis van 'n familie waarmee God op pad is, besef kan word;
- deur bestaande rituele en simbole te herontdek, te benut en nuwes te skep om sodoende betekenis te gee aan die reistog waarop families saam met God op weg is;
- deur die families te begelei om weer die evangelie se storie asook die geloofstories van die individue binne hulle geledere te kommunikeer;
- deur die generasies te betrek in hierdie proses van die herleef van die stories van die evangelie – oupas en oumas, ma's, pa's en kinders is immers deel van die proses van geloofskommunikasie.

Fokus op ons-as-familie sal families en gemeentes help om die uitdagings van die moderne samelewing te kan hanteer.

Dit is sonder twyfel duidelik dat die jeugbediening nie op sy eie kan slaag nie, maar dat dit gegrond moet wees in 'n effektiewe familiebediening. 'n Fokus op **ons-as-familie** sal families en gemeentes help om die uitdagings van die moderne samelewing te kan hanteer.

GERAADPLEEGDE BRONNE:

Ammerman, NT & Roof, WC 1995 *Work, family, and religion in contemporary society.* London: Routlegde

Nel, M 2001 *Jeugbediening.* Bloemfontein: CLF

Olson, RP & Leonard, J 1996 *A new day for familiy ministry.* The Alban Institute